Bl 2. Munisipal Bestuurder Oorsigverslag 2006-2010

Bl 3. 2010/2011 **BEGROTING OORSIG**

Bl 4. "Wheelie Bins"

Bl 4. NUWE WATER TARIEWE (Heffings)

CEDERNUUS

VOLUME # 4 | **SEPTEMBER 2011**

AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE MUNISIPALITEIT

ADMINISTRASIES	TELEFOON	FAKS
CITRUSDAL	022 921 2181	022 921 2186
CLANWILLIAM	027 482 8000	027 482 1933
GRAAFFWATER	027 422 1108	027 422 1109
ELANDSBAAI	022 972 1745	022 972 1745
LAMBERTSBAAI	027 432 1112	027 432 1517

CITRUSDAL

CLANWILLIAM

WUPPERTAL

GRAAFFWATER



ELANDSBAAI



LAMBERTSBAAI

KEN JOU RAAD

Agter links staande:
Rdsl. Koos Brandt (DA); Rdsl. Lorna Scheepers (ANC); Rdsl Julio Fransman (ANC); Rdsl. Johan van Heerden (DA); Rdsl. Danville Smit (ANC); Rdsl. Sylvia Newman (COPE); Rdsl. William Abels (DA)
Voor van links sittend:
O/burgemeester Jonas White(ANC); Uitvoerende burgemeester Benjamin Zass(PAC); Speaker Johan Muller (ANC); Inlas: Rdsl. Judith Mouton (DA)

BURGEMEESTER TOESPRAAK

– 30 Mei 2011

Konstituering van Cederbergraad

Dit is 'n voorreg en met nederigheid dat ek die amp as Uitvoerende burgemeester van die Cederberg Munisipale Raad, namens my party die PAC en my gemeenskap aanvaar.

Vandag is 'n historiese geleentheid vir my party met die inhuldiging van myself as die eerste burgemeester in die geskiedenis van die PAC en Suid Afrika. Hierdie unieke geleentheid kom met 'n groot verantwoordelikheid omdat die juk van die burgemeester ketting swaarder om my skouers hang, ten einde die filosofie en waardes van my party na te streef in die uitvoering van my dagtaak in diens van my gemeenskap. Dit is my wens dat die ANC en PAC koalisie as 'n verenigde front sal mobiliseer ten einde die Cederberg munisipale konstitusionele mandaat suksesvol uit tevoer en voor tegaan om die Cederberg se rekord van skoon regering, een van ons hoekstene van ons ampstermyn te maak.

Die tema van my toespraak is "EEN MUNISIPALITEIT, EEN GEMEENSKAP". Die Cederberg se uitspansel strek vanaf die lemoenboorde van Citrusdal, tot en met die rooibos vlakte van Clanwilliam, vanaf die velskoene van Wupperthal, tot en met die aartappel vlakte van Graafwater en Leipoldtville, en die ryke kreef en snoek bronne van Elandsbaai en Lamberstbaai. Ons mag nie faal in taak om hierdie ryke kultuur erfenis te bewaar vir ons nageslagte. "Aluta continua", the struggle continues! Dit is vandag egter 'n stryd teen armoede, teen werkloosheid, teen onderlinge verdeeldheid en sluimerende rassisme, stryd teen die voortgesette uitwissing van dienslewering agterstande, stryd om die verder formalisering van infomele nedersettings, stryd om Cederberg te vestig as 'n tuiste vir almal, die stryd om behuisings agterstande uit tewis, die stryd om kulturele verdraagsaamheid, stryd om die daarstelling van 'n finansieel onderhoubare munisipaliteit ens..

"Een Munisipaliteit, Een Gemeenskap"

Hierdie is nie 'n stryd vir die Raad, die munisipale bestuurder en sy personeel alleen nie. Dit is 'n stryd wat almal in die Cederberg gemeenskap, elke individu met die raad moet saamwerk ten einde lewenslange en volhoubare verandering vir ons gemeenskap teweeg te bring. Dit is slegs deur saam tewerk, vernootskappe tussen eerste ekonomie en tweede ekonomie te versterk, gemeenskap seggenskap in munisipale aktiwiteite verder uit tebou, die jeug te bemagtig en -betrek, maatskaplike euwels soos dwelmisbruik, misdaad en tiener-swangerskappe te bekamp, ens. dat ons van Cederberg 'n sukses munisipale model kan maak wat sy regmatige plek sal inneem binne die Weskus distrilk, Wes-kaap provinsie en in Suid-Afrika.

Die Cederberg raad kan dit nie alleen doen, ons benodig ALL HANDS ON DECK!! As munisipaliteit het ons vêr gevorder sedert Cederberg as Projek Konsolidasie munisipaliteit verklaar was in 2005 deur die nasionale regering, en kon aan die hand van ons omdraai strategie onder die bekwane leiding van die Munisipale bestuurder en sy span die finansiele posisie van die Raad stabiliseer, dienslewering uitrol, infratsruktuur agterstande begin uitwis, informele nedersettings begin opgradeer, uitrol van ons bate instandhouding program, stabilisering van organisatoriese en munisipale raad strukture, handhaaf van gesonde interegering skakeling ens. om sodoende die stigma en juk van projek konsolidasie af te skud.

Ons is egter terdeë bewus dat daar nog legio uitdagings voorle ten einde Cederberg te vestig as een van die bes bestuurde munsipaliteite, daarom onderneem ek dat ons die goeie werk tot op hede met rasse skrede wil voortsit, transformasie wil versnel, en verbind ek my daartoe om nie strukture af tebreek nie, maar voort te bou op dit wat werk, produktiwiteit te verbeter en voort te bou op die goeie verhoudinge met die vakbonde ens, asook die kapasitering van kleinboere en opkomende besighede. Ek staan voor u nederig, nederig in die wete dat die verwagtinge van die gemeenskap groot is en die infrastruktuur opgradering en vervanging program verg baie investering. Sonder investering in ons infrastruktuur kan ons nie ons sosiale mandaat, nl. die bou van behuising asook ons ekonomiese mandaat nl. trek van investering laat realiseer. Ek hoop en vertrou dat ons kan voortgaan om te reken op die ondersteuning van die Provinsiale, maar spesifiek die Nasionale Regering in hierdie verband.

Ek wil af sluit met die volgende aanhaling :
The will of God will never take us, Where the grace of God cannot keep us, Where the arms of God cannot support us, Where the riches of God cannot supply our needs, Where the wisdom of God cannot teach us, and Where the power of God cannot endow us. FILLIP/FILIPENSE 4:13

"I CAN DO EVERYTHING THROUGH HIM THAT GIVES ME STRENGTH"

Phambile (forward) Cederberg, Phambile; phantsi (away with) poverty, phantsi!

Benjamin Zass
(PAC)
Uitvoerende Burgemeester

MUNISIPALE BESTUURDER SE OORSIGVERSLAG: 2006-2010

- GERRIT MATTHYSE

Oor die afgelope vyf jaar het ons hoogtepunte, suksesse, uitdagings en probleme beleef – met die ondersteuning van die lede van die burgemeesterskomitee, raad en die toegewyde personeel sal ons egter daarna streef om verder op diensstandaarde vir alle gemeenskappe binne Cederberg se munisipale grense te verbeter.

Munisipaliteit Cederberg is 'n laekapasiteit-, kategorie B-munisipaliteit wat kragtens artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 117 van 1998, by wyse van Provinsiale Kennisgewing 481/2000 van 22 September 2000 opgerig is. Die munisipaliteit lewer dienste soos in deel B van bylae 5 tot die Grondwet van Suid-Afrika, 108 van 1996, beoog is. Munisipaliteit Cederberg het toereikende hulpbronne om binne die afsienbare toekoms sy bedrywighede teen huidige vlakke voort te sit. Die toename in hulpbehoewende gevalle het egter 'n ondraaglike las op die munisipaliteit se inkomstestrome geplaas. Ons beleef tans 'n positiewe kontantvloei en finansiële hulpbronne word met uiterse omsigtigheid aan operasionele en kapitale vereistes toegesê. Die wêreldwye ekonomiese resessie het egter 'n invloed op ons toekomstige finansiële volhoubaarheid.

Munisipaliteit Cederberg se administrasie wil graag sy dank teenoor die voormalige uitvoerende burgemeesters, raadslid Newman (ANC) en J. Mouton (DA), uitspreek vir hulle bydrae tot die opheffing van ons gemeenskappe en dat hulle die raad en administrasie voorberei het om optimaal te funksioneer. Die uitdagings en strategiese besluite waarvoor die leierskap te staan gekom het, was beide kompleks en divers en tegelyk deurspek met kwessies rondom nalatenskap.

'n Balans moes gevind word tussen die lewering en beveiliging van toegang tot basiese dienste, om agterstande in grootmaatinfrastruktuur op te los, om die munisipaliteit van die rand van bankrotskap te red en tegelyk 'n veiligheidsnet vir die hulpbehoewendes te skep, om wetlike en finansiële nakoming te verseker, om aan tussenregeringsverhoudinge deel te neem, om die konsolidering en opgradering van informele nedersettings te bespoedig, om 15 jaar se agterstande in laekoste-mensevestings uit te wis en om katalitiese ekonomiese intervensies van stapel te stuur ter ondersteuning van opkomende entrepreneurs en terselfdertyd steeds 'n omgewing te voorsien wat bevorderlik is vir bestaande ondernemings sodat hulle in hul onderskeie markte kan uitblink terwyl uitermatige vakatures ten opsigte van mensekapitaal verlaag en geloofwaardige strukture vir openbare deelname geskep moes word.

Munisipaliteit Cederberg het sy bedryfsbestedings-begroting jaar-op-jaar vanaf R55 miljoen in die 2005/6-boekjaar tot R127 miljoen in die 2010/11-boekjaar verhoog, meer as R100miljoen in die opgradering en vervanging van grootmaatinfrastruktuur belê, sy eerste 294 huise (±R40 miljoen) huise in 15 jaar gebou, ±R20 miljoen belê om die Clanwilliam en Citrusdal informele nedersettings te formaliseer deur miljoene aan mediums vir dienslewering te bestee, en toegang tot basiese dienste vir al sy burgers in sy vyf dorpe en tot elementêre dienste vir sy landelike gemeenskappe verseker.

Ten einde kapitaalbesteding te finansier, het die munisipaliteit oor die medium termyn 'n konserwatiewe benadering tot lenings gevolg. Geen nuwe lenings is in die 2009/2010-boekjaar aangegaan nie, maar lenings as 'n bydrae tot kapitaalvereistes vir katalitiese projekte wat noodsaaklik is vir volgehoue dienslewering, bv. die ontsoutingsaanleg te Lambertsbaai (R35 miljoen), die afvalwater- behandelingsaanleg te Citrusdal (±R50 miljoen) en die watersuiweringsaanleg vir Clanwilliam (±R32 miljoen), is onafwendbaar. Daar word voorsien dat 'n lening ten bedrae van R12 miljoen vir die befondsing van Lambertsbaai se ontsoutingsaanleg (R35 miljoen) in die loop van die 2010/2011-boekjaar aangegaan sal word. Die munisipaliteit het nog nooit probleme ervaar om lenings aan te gaan nie, alhoewel ons dalk desnoods by wyse van 'n heffing op grootmaatinfrastruktuur tot die finansiering van die laasgenoemde twee projekte ten bedrae van ±R37 miljoen sal moet bydra. Die toekomstige kapitale bydrae tot/finansiële impak van 'n vaste- afvalstortingsterrein vir die streek moet ook in ag geneem word.

Die implementering van die nuwe finansiële stelsel het dataleemtes ontmasker en die slegte gewoontes van die verlede blootgelê wat 'n algehele data-opname en die opruiming van alle verbruikersrekeninge en faktureringsinligting genoodsaak het. Hierdie proses staan tans einde se kant toe.

Die OPCAR-projek (operasie skoon ouditverslag) is van stapel gestuur en hulp is van diensverskaffers ingewin om werk te maak van rekeningkundige agterstande en die leemtes ten opsigte van beheer wat in die 2008/2009-ouditverslag geïdentifiseer is.

Die feit dat die ouditspan nie 'n mening oor die volledigheid van inkomste kon uitspreek nie, gepaardgaande met die tekortkominge waarna hierbo verwys is, het 'n gekwalifiseerde ouditmening oor die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 tot gevolg gehad.

Benewens die kwessies wat in die ouditverslag geïdentifiseer is, het die munisipaliteit ook te kampe gehad met die regstelling van leemtes in verbruikersdata, nakoming van wetgewing, implementering van GRAP en oorbrugging van institusionele leemtes soos 'n gebrek aan bedrewe en toepaslik gekwalifiseerde personeel en die munisipaliteit se onvermoë om gekwalifiseerde en ervare personeellede te lok en te behou. 'n Toelaeskema vir skaars vaardighede is dus ingestel om die kritieke grade te lok en te behou.

Geen bewyse van die wanbestuur van finansiële hulpbronne of onreëlmatige of ongemagtigde uitgawes kon gevind word nie. Die Cederberg-administrasie bly steeds onwrikbaar in sy poging om 'n ongekwalifiseerde ouditbevinding vir die jaar eindigende 30 Junie 2011 te bekom.

Die vorige raad/rade het die volgende artikel 78-ondersoeke in vennootskap met die Weskus Distriks-munisipaliteit goedgekeur: daarstelling van 'n streek-stortingsterrein, moontlike uitbe-steding van grootmaatinfrastruktuur vir water en sanitasie, Cederberg-oorde en toekomstige elektrisiteitsverspreiding deur die streekselektrisiteitsverspreider (sedertdien deur die nasionale regering geskrap).

Ons risikogebaseerde ouditplan is deur die interne ouditeur en ouditkomitee geïmplementeer. Beleide en planne is goedgekeur om volgehoue doeltreffende risikobestuur en minimalisering van bedrog in die munisipaliteit te verseker. 'n Stigtingsakte vir interne oudit en die ouditkomitee is inooreenstemming gebring met die interne-ouditraamwerk en deur die eksterne ouditkomitee en raad vir implementering aanvaar.

'n Formele risiko-evalueringsplan en -beheermaatreëls is ontwikkel, goedgekeur en geïmplementeer. Die plan is geïmplementeer en gemoniteer om bedrog en ander onreëlmatige foute in die munisipaliteit se finansiële rekords te bespeur. Die teenkorrupsiestrategie se implementeringsplan maak 'n integrale deel van die onderneming se risikobestuursplan uit. Die uitdaging hou steeds met mensekapitaal verband, met die interne ouditeur wat beide interne ouditering- en risikobestuursfunksies verrig.

Die werksverhouding tussen die afdeling interne oudit, die kantoor van die Ouditeur- generaal en ouditkomitee moet voortgesit word ten einde 'n doeltreffende beheeromgewing binne die munisipaliteit te verseker. Die ouditkomitee is ten volle funksioneel ooreenkomstig die vereistes wat deur die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur gestel word en het vier kwartaallikse vergaderings gehou.

Die volgende is opgestel, uitgevoer en afgehandel:

- Die risikogebaseerde ouditplan;
- Die risiko-evaluering is uitgevoer en 'n risikobestuurregister is afgehandel; en
- Risikobestuur is die verantwoordelikheid van elke direkteur en bestuurder. Die rol van goeie staatsbestuur is verder versterk deur die aanstelling van 'n oorsigkomitee wat die raad oor die jaarverslag adviseer en 'n prestasiebestuurkomitee wat verantwoordelik is vir die evaluering van die artikel 57- prestasie-aanslae.

Die munisipaliteit is daartoe verbind om klantediens te verbeter en om aan die hand van die Batho Pele-beleid (naamlik om mense eerste te stel) plaaslike regering na die hart van gemeenskappe te neem. Die munisipaliteit het 'n hoëvolume-SMS- stelsel suksesvol geïmplementeer. Klante word aangemoedig om hulle selfoonbesonderhede te registreer ten einde deel te kan hê aan hierdie hoëvolume- SMS-stelsel. Met hierdie stelsel word klante ingelig oor munisipale gebeure en diensverwante aangeleenthede. Met die implementering van die gedesentraliseerde diensleweringsmodel was daar ook 'n merkbare verbetering in dienslewering in dorpe waar streeksbestuurders aangestel is en daar meer spesifiek daarop gefokus is om aandag aan plaaslike kwessies te bestee. Alhoewel wykskomitees sedert 2007 ingestel is, bly die suksesvolle funksionering van al ses wyke steeds 'n uitdaging vir die munisipaliteit. Die munisipaliteit gee toe dat doeltreffende openbare deelname aan munisipale prosesse belangrik is; daarom sal ons ondersoek instel na innoverende maniere om wykskomitees opnuut te modelleer en te hersien sodat hulle meer funksioneel en toegangklik vir die publiek is.

Ek wil graag die volgende prestasies uitlig:

- Register van vaste bates wat aan GRAP voldoen, is afgehandel.
- Inkomste-invorderingskoers vir 2009/2010 is meer as 95%.
- Daar is vanaf IMFO se rekeningkundige raamwerk na GRAP omgeskakel.
- Ons streef voortdurend daarna om ons personeelkoste heelwat laer te hou as die nasionale norm van tussen 35-40% van die totale bedryfsbesteding.
- Sleutelbeleide en -strategieë om die standaard van bedryfsprosesse en gelewerde dienste te verbeter, is goedgekeur. Hierby is, onder andere, die volgende ingesluit: die beleid oor gesondheid en veiligheid asook die strategieë vir interne finansies, meentgronde, aanstellings en voorkoming van korrupsie en bedrog.
- Nuwe verordeninge, bv. verordening op kredietbeheer, is goedgekeur en ons is tans besig om alle bestaande verordeninge te hersien en nuwes te skryf.
- Khayalitsha (Clanwilliam) en Citrusdal informele neder-settings is hervestig.
- Op Clanwilliam is 294 laekoste-huise gebou en die behuisingstrategie is goedgekeur ten einde vanaf 2011 stukrag te verleen aan die ontplooiing van laekostehuise en gedienste persele in ander dorpe en om sodoende werk te maak van die ernstige behuisingsnood in ons gemeenskappe.
- Ons nuwe wetstoepassingseenheid is bekendgestel en die verkeersentrum op Citrusdal is, onder andere, opgegradeer.
- R11 miljoen is in Citrusdal bestee ter voorbereiding vir die nuwe vaste- afvalbehandelingsaanleg en om, onder andere, die kapasiteit van bestaande aanlegte op te gradeer.
- Die nuwe boekjaar gaan netso uitdagend wees, indien nie meer nie, en ek sien daarna uit om saam met ons administrasie en politieke leierskap werk te maak van die kwessie van dissipline wat opvolgwerk betref sodat dinge tot uitvoer gebring kan word om die lewensgehalte van alle inwoners van Cederberg te verbeter.

Laastens wil ek my opregte waardering teenoor alle munisipale werknemers en die publiek uitspreek vir hulle onderskraging van en toewyding aan die Munisipaliteit Cederberg.

Ons wil graag die nuwe uitvoerende burgemeester, raadslid Zass, onderburgemeester, Jonas White, en speaker, Johan Muller, gelukwens met hulle verkiesing en ons is gretig om ons weg verder te baan langs die ontwikkelingstrajek wat van Cederberg 'n goed bestuurde munisipaliteit sal maak wat responsief aandag bestee aan die behoeftes van sy gemeenskap met 'n spesifieke fokus op landelike nedersettings en ontheemde/kwesbare groepe, d.w.s. die jeug, bejaardes, kinders, vroue, ens. Namate ons hiervandaan vorder, sal die uitdaging waarvoor ons almal te staan kom wees om 'n bemagtigende omgewing te skep waarbinne armoede uitgewis en werk geskep kan word om sodoende werkloosheid te verlaag.

2011/2012 Begroting Oorsig

Die 2011/2012 Begroting van die Cederberg Munisipaliteit wat die areas Clanwilliam, Citrusdal, Graafwater, Leipoldtville, Lambertsbaai en Elandsbaai insluit is op 28 April 2011 eenparig deur die raad goedgekeur. Die bedryfs begroting beloop R166.97 Miljoen vir die 2011/2012 finansiële jaar wat 'n groei van R48.45 Miljoen of te wel 40.9 % verteenwoordig. Die kapitaalbegroting beloop R62.8 Miljoen vir die 2011/2012 begrotingsjaar.

Fokus van die 2011/2012 begroting:

- In die 2011/2012 begroting word klem gelê op kern dienslewering verpligtinge wat grondwetlik aan die munisipaliteit opgedra is.
- Die instandhouding van bestaande infrastruktuur geniet weereens voorkeur en daar word fokus geplaas op voorkomende en geskeduleerde onderhoud wat deur behoorlike beplanning voorafgegaan is.
- Innoverende dienslewering deur die bou van interne kapasiteit ten einde meer met geallokeerde fondse te vermag.
- Verskaffing van broodnodige infrastruktuur en behuising wat die ekonomiese vooruitgang van gemeenskappe sal verseker.
- Verskaffing van basiese dienste, die verbetering van die gehalte van behuising en infrastruktuur asook ekonomies volhoubare dienslewering.

Hoof komponente van uitgawes van die bedryfs-begroting:

UITGAWE ITEM	BEDRAG	PERSENTASIE
Salarisse en Lone	55,970,898.00	34.22
Grootmaat aankope	37,726,538.00	23.06
Algemene onkoste	25,762,877.00	15.75
Herstel en instandhouding	9,297,956.00	5.68
Waarde vermindering	25,881,732.00	15.82
Bydrae aan fondse en Reserwes	6,473,759.00	3.96
Rente Betaal	2,463,654.00	1.51

Salaris uitgawes verteenwoordig 34.2% van die begroting. Grootmaat aankope verhoog met R8.5 Miljoen, weens die Eskom Tariefverhoging van 26.7%. Die Munisipaliteit begroot in die komende boekjaar nagenoeg R1.0 Miljoen meer vir onderhoud teenoor die 2010/2011 boekjaar wat 'n toename van 11% verteenwoordig.

Uitgawes Per Kategorie



Bronne van Bedryfsinkomste

Die hoof bronne van bedryfsinkomste sien soos volg daarna uit:

Elektrisiteitsverkope	51,432,000.00
Eiendomsbelasting	25,535,000.00
Verkoop van Water	11,630,100.00
Riool gelde	7,791,921.00
Vullis gelde	5,892,949.00
Toekennings en subsidies	26,640,984.00
Ander bronne	6,728,002.00

Bronne van Bedryfsinkomste



Kapitaalbegroting

Die kapitaalbegroting is opgestel met die GOP (Geïntegreerde Ontwikkelings Plan) wat as hoof bron van inligting dien. Kapitaalbesteding vir die 2011/2012 finansiële jaar sien hoofsaaklik soos volg daarna uit:

Gemeenskap en sportfasiliteite	R 2.0 Miljoen
Watervoorsiening	R 36.6 Miljoen
Elektrisiteitsvoorsiening	R 0.5 Miljoen
Behuising Infrastruktuur	R 7.5 Miljoen
Voertuie en toerusting	R 6.9 Miljoen
Rioolwerke	R 9.3 Miljoen

Kapitaalbesteding word hoofsaaklik uit toekennings en skenkings gefinansier R45.67 Miljoen, daar word ook begroot vir die aangaan van 'n lening ten bedrae van R15 Miljoen en die raad gaan 'n bedrag van R4.93 Miljoen uit eie fondse aanwend vir kapitaal spandering.

Kapitaalprojekte

Die volgende is 'n paar van die projekte wat vir die 2011/2012 boekjaar begroot word:

Behuising Infrastruktuur	R7,50 Miljoen
Ontsoutingsaanleg Lambertsbaai	R 32 Miljoen
Elandsbaai gemeenskapsentrum	R 2,0 Miljoen
Lambertsbaai Rioolwerke	R 9,26 Miljoen
Sypaadjies	R 1,53 Miljoen
Wheelie-Bins (Vullisverwydering)	R 3,00 Miljoen
Leipoldtville Watervoorsiening	R 3,4 Miljoen

Tariewe

Die tariewe van die Munisipaliteit word vir die 2011/2012 soos hieronder uiteengesit vasgestel, faktore wat 'n invloed op die tariefverhogings het is onder ander die Eskom verhoging van 26.7%, die loonooreenkoms wat met georganiseerde arbeid beding word asook die feit dat die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van dienslewering verseker moet word.

Die munisipaliteit beoog om Wheelie-Bins vir vullisverwydering in alle dorpe te implementeer ten einde besoedeling te probeer beperk en om sodoende vullis volumes meer akkuraat te kan bepaal en dus huishoudelike en besigheids gebruikers regverdig volgens volumes vullis gegenereer aan te slaan. 'n Dorp skoonmaak heffing ten bedrae van R20.00 per erf word ook met ingang van 1 Julie 2011 ingestel ten einde die skoonmaak van oop ruimtes, openbare plekke, en strate te verseker.

Addisionele basiese heffings t.o.v. water en riool ten bedrae van R20.00 word ingestel vir die befondsing van nuwe infrastruktuur en die opgradering en herstel van bestaande infrastruktuur.

Die tariewe word kortliks soos volg opgesom:

EIENDOMS-BELASTING	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging
TARIEF*			
Residensieel: Totale Waarde (Eerste R15 000 van Waarde Vrygestel slegs t.o.v. Residensiële erwe)	R 0.00863	R 0.00932	8.00%
Besigheid, Kommersieel, Industrieel: Totale Waarde	R 0.00863	R 0.00932	8.00%
Landelike gebied: Totale Waarde	R 0.00863	R 0.00932	8.00%
Kortings:			
Belastingpligtige met inkomste minder as die maksimum inkomste	40.00%	40.00%	0.00%
(Inkomste van totale huishouding) soos uiteengesit in die Deernisbeleid - **Deernis gevalle**			

ELEKTRISITEIT TARIEWE*	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging
Huishoudelike verbruikers			
Konvensionele meters			
Basies (Enkel fase)	139.55263	171.64912	23.00%
Basies (Drie fase)	208.94737	257.00877	23.00%
Energie koste per eenheid	0.73846	0.90831	23.00%
(1 ste 50 eenhede + Basiese heffing per kalendermaand gratis/ nie oordraagbaar) **(Slegs vir Deernis gevalle)**			
Voorafbetaalde meters per maand per kWh			
Energie verbruik Deernisgevalle 51-150 kWh	0.64611	0.72984	12.96%
Energie verbruik 1-500 kWh	0.87754	1.07938	23.00%
Energie verbruik 500 - 2000 kWh	0.73846	0.90831	23.00%
Energie verbruik 2000 kWh+	0.90000	1.10700	23.00%

ELEKTRISITEIT TARIEWE*	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging
(1 ste 50 eenhede per kalendermaand gratis/ nie oordraagbaar) **(Slegs vir Deernis)**			
Minimum aankope per transaksie R10.00			
Besigheids verbruikers			
Konvensionele meters			
Basies (Besigheids verbruikers)	275.24561	338.55263	23.00%
Energie koste per eenheid	0.81338	1.00046	23.00%
Voorafbetaalde meters			
Energie koste per eenheid (Besigheids verbruikers)	0.96000	1.18080	23.00%

WATER TARIEWE*	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging
Infrastruktuur Basies Hierdie tarief is van toepassing per erf of woon eenheid, waar van toepassing. Indien meer as een wooneenheid per erf, sal heffing per wooneenheid wees.	20.61404	20.00000	-2.98%
Per Kiloliter (Per Maand)			
0 - 30 kiloliter	3.44476	3.65145	6.00%
31 - 60 kiloliter	4.10410	4.71972	15.00%
61 - 90 kiloliter	5.42278	6.50733	20.00%
91 - 120 kiloliter	6.56781	8.20976	25.00%
121+ kiloliter	7.66139	9.57674	25.00%
Eerste 6 Kiloliter per maand gratis / nie oordraagbaar **(Slegs vir Deernisgevalle)**			

RIOOL TARIEWE*	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging
Beskikbaarheidsgelde	-	-	-
Beskikbaarheidsgelde (jaarliks)	750.87719	800.00000	6.54%
Infrastruktuur Basies		20.00000	Nuut
Hierdie tarief is van toepassing per erf of woon eenheid, waar van toepassing. Indien meer as een wooneenheid per erf, sal heffing per wooneenheid wees.			
Spoeltoilette			
Huishoudings			
Standaard Heffing	94.57018	100.71930	6.50%
Besighede			
1 tot 3 Toilette	94.57018	100.71930	6.50%
Meer as 3 Toilette (per toilet)	31.52632	33.57895	6.51%

VULLISVERWYDERING TARIEWE*	2010 - 2011	2011 - 2012	% Verhoging / (Verlaging)
Huishoudelik (per "Wheely Bin" per maand): vir verwydering 1 (een) keer per week	53.78070	59.74561	11.09%
Hierdie tariewe is van toepassing per woon-eenheid.			
Besighede (per "Wheely Bin" per maand): vir verwydering 1 (een) keer per week	58.41228	59.74561	2.28%
2 (twee) keer per week	115.89474	119.49123	3.10%
3 (drie) keer per week	173.38596	179.23684	3.37%
4 (vier) keer per week	230.86842	238.98246	3.51%
5 (vyf) keer per week	288.35965	298.72807	3.60%
6 (ses) keer per week	288.35965	358.47368	24.31%
7 (sewe) keer per week	288.35965	418.21930	45.03%
Aankoop van Addisionele "Wheely Bin"		438.59649	Nuut

DEERNIS HULP

Die munisipaliteit gaan weereens hierdie jaar poog om voldoende subsidie aan deernis huishoudings te gee ten einde die las van munisipale rekeninge te verlig. Die subsidie wat vir die komende begrotingsjaar voorgestel word, is soos volg:

Elektrisiteit	50 Eenhede
Water	6 Kiloliter
Riool	Volle subsidie op huishoudelike enkeltarief en basiese heffing
Vullisverwydering	Volle subsidie op huishoudelike tarief en dorp skoonmaak tarief

Daar word begroot om 1500 deernis huishoudings te subsidieer teen 'n totale koste van R5.29 Miljoen. Die totale inkomste prysgegee aan deernis huishoudings en belasting kortings beloop R 20.01 Miljoen vir die 2011/2012 finansiële jaar.

Die begroting, tariewe en ander relevante dokumente is gedurende normale kantoorure by die raad se kantore en biblioteke ter insae.

GEINTEGREERDE ONTWIKKELINGS PLAN VIR 2011 – 2016 VIR `N VERBETERDE LEWE

Volgens die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) moet alle munisipaliteite 'n geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning proses volg om 'n GOP te ontwikkel. Die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000) maak daarvoor voorsiening dat die GOP jaarliks hersien word. Die hersiene GOP 2011/12 is die 4de sedert die goedkeuring van die GOP in September 2007.

Die visie van Cederberg Munisipaliteit is die volgende: 'n Visionere munisipaliteit wat werk vir jou. Die waardes van die organisasie is die volgende:

- Kliënte fokus;
- Deelnemendheid / Spanbou;
- Dissipline;
- Stiptelikheid;
- Waardigheid en Respek;
- Prestasiegerig / Erkenning;
- Opleiding en Ontwikkeling;
- Verantwoordelikheid;
- Gelykheid; en
- Vertroue.

Met die verkiesing van die nuwe Raad op 18 Mei 2011, sal die visie en waardes egter hersien word.

Fokus areas wat deur die Raad en Administrasie hoog as prioriteit gestel word vir die 2011/12 boekjaar is as volg:

- Algemene Kommunikasie;
- Kliëntediens & T elefoonstelsel;
- Voorkoms van munisipale kantore & Sekuriteit;
- Opleiding van personeel;
- Hersiening van Organogram & aanstelling van personeel;
- Gebruik van amptelike voertuie;
- Onderhoud & munisipale dienste;
- Openbare Werke Program (EPWP);
- Infrastruktuur & Behuising;
- Kredietbeheer;
- Portefeulje Komitees & Raadsvergadering; •Beleide; en
- Inligtingsforum.

Cederberg se publieke deelname prosess was as volg, vir die opstel van die hersiene GOP 2011/12.

- Registrasie van wyk prioriteite (Oktober 2010), en konsultasie sessies rakende die konsep begroting en IDP (Maart 2011) was gehou in al die verskillende wyke:

Wyk 1 & 2 Citrusdal

Insette:

- Ontwikkeling van plaaswerkers;
- Beurse/befondsing vir matrikulante vir naskoolse opleiding;
- Opleiding aan entrepreneurs om tenders te verkry
- Behuising –
- Oordragkoste bespoedig word; •Formele behuising gebou word;
- Rioolwerke as prioriteit gestel word;
- Swembad bou vir ontspanning
- Afdak by Kliniek vir All Pay dae;
- Agterplaas bewoners te akkommodeer by EHP Jaagvlei/Sandkamp;
- Opknapping van begrafplaas; en
- Skoonmaak van vullis stortingsterrein.

Wyk 3 Clanwilliam

Insette:

- Aanbring van spreiligte en straatligte;
- Skoonmaak van straatligte;
- Opgradering van parke te Jakaranda straat;
- Aanstel van toesighouer by die parkie te Jakaranda straat;
- Aanbring van spoedwalle te Jakarandastraat;
- Verskuiwing van die Taxi rank; en
- Verlaging van water tariewe.

Wyk 4 Graafwater & Elandsbaai

Insette:

- Randstene te Lambrechtsingel;
- Plaveisel – Eikestraat, Dennestraat, Olienhoutstraat, Peperstraat en Erasmus van Zylstraat;
- Aanbring van stormwaterpype – Akasiastraat en Oelofbergstraat; en
- Pre-paid watermeters. Insette:
- Plaveisel vir die volgende strate: Heinemanstraat, van Zylstraat en Strand straat;
- Herseël van strate: Korporasiestraat, Buitekantstraat, St. Peterstraat en Engelstraat;
- Spoedwalle vir Saulstraat en Barkerstraat;
- Verfraaiing in die dorp;
- Teer van die pad na die kompong;
- Don Burrel saal te omskep in 'n veelvoedige sentrum; • Diefwering aanbring by die Don Burrelsaal, asook sekuriteitswagte; • Oprigting van 'n speelpark by Nuweland;
- Ablusie geriewe aanbring; en
- T oilet geriewe aanbring by die begraafplase.

Die hersiene GOP 2011/12 is deur die Raad goedgekeur op 28 April 2011 en is beskikbaar by alle Cederberg munisipale kantore en biblioteke, asook op die webtuiste cederbergmunicipality.co.za.

WYKSKOMITEES IN PLEK

WYK 1: Raadslid Johan Muller (Citrusdal Plase)
Komiteelede: Melvin Adams; Nicolas Koopman; Lena September; Petrus Brink; Katriena Barnies; Deon van Neel; Gert Bezuidenhout; Susanna Mouton; Nicolaas Koopman

WYK 2: Raadslid Julio Fransman (Citrusdal)
Komiteelede: Mzwandile Madikwa, Derick Meyer; Karen Douries; Arthur Smith; Pieter Engelbrecht; Jan Waterboer; Andreas Mouton; Corneluis Lewin; Elizabeth Da Silva; Pieter van Rooi

WYK 3: Raadslid Lorna Scheepers (Clanwilliam)
Komiteelede: Alta farmer; Darryl Ruiters; Abraham Adonis; Nicky Crosney; Wilfred Muller; Donovan Moore; Andreas April

WYK 4: Raadslid Koos Brandt (Graafwater & Elandsbaai)
Komiteelede: Graafwater Francis Damon; Johannes v/der Westhuizen; Andries Maarman; Awie Beukes; Jimmy Barnard

WYK 5: Raadslid Danville Smit (Lambertsbaai & Leipoldtville) Komiteelede: Pieter Kamfer; Elize Filand; Bino Farmer; Marius Booys; Leonard Engelbrecht; Gerrit Ockhuys; Jackie Booysen; Henry Sneewe; Magda Cloete; Anna Saal

WYK 6: Raadslid William Abels (Wupperthal & Algeria)
Komiteelede: Donavan Veloen (Grasvlei); Aubrey Mcallum (Klein vlei); Frank Scheepers (Kleinvlei); Cindy Zass (Esselbank); Roger Witbooi (Esselbank); David Koopman (Nuweplaas); Magrieta Koopman (Nuweplaas); Alton Perrang (Prinsekraal); magrieta Alexander (Prinsekraal); Anthony Abels (Beukeskraal); Suzette Booysen (Beukeskraal); Mark Jenzil (Langbome); Mildred Veloen (langbome); Dennis Bantam (Wupperthal); Sophia Zimri (Wupperthal); Shireen van Schalkwyk (Wupperthal); Crista Resandt (Wupperthal)

Raad stel bekend die nuwe vullisdrom "Wheelie Bin"

Die Raad van Munisipaliteit Cederberg wil alle verbruikers graag inlig oor die bekendstel-ling van wieletjieblikke.

Dit is 'n verbeterde metode om afval te bestuur wat dit vir verbruikers makliker maak om afval van een plek na 'n ander en/of na die oplaaipunt te vervoer. Die blik het 'n kapasiteit van 240 liter en is met die oog op doeltreffende ruimtebenutting en veiligheid ontwerp; dit wil sê om soveel moontlik ruimte te bied en tegelyk die risiko te verlaag van beserings wat tydens verwydering veroorsaak kan word. Dit is ook toegerus met 'n toeklapdeksel en is op wieletjies, het 'n staafhandvatsel sodat die gebruiker die blik makliker kan stoot en dit kan dieselfde hoeveelheid as vier van die standaard grootte vullisdromme akkommodeer.

Die blik bied die ideale beskerming vir beide die verbruiker en die vullisverwyderaar teen die risiko van beserings wat deur die optel van tradisionele vullissakke of weens skerp voorwerpe of selfs besmette objekte in vullissakke veroorsaak word. Wanneer die wieletjiesblik vir vullis gebruik word, kan mens onwelriekende vullis in die blik sit en dit vir 'n paar dae daar los voordat dit verwyder word. Die reuk ontsnap nie omdat die blik dig seël tensy iets gebeur wat veroorsaak dat die deksel nie meer in lyn is nie. Die munisipale vulliswaens is toegerus met standaardgrootte hystoestel om die die wieletjieblikke op te tel.

Hierdie verbeterde metode om afval te bestuur, hou omvattende voordele vir beide die verbruiker en die munisipaliteit in, waarby ingesluit:

- Die houer se leeftyd is gewaarborg.
- Hoef minder gereeld leeg gemaak te word.
- Groot hoeveelhede vullis word op natuurlike wyse saamgepers weens die gewig daarvan.
- Verbeterde omkeertyd ten tye van verwydering.
- Neem weens die vertikale ontwerp minder ruimte bokant die grond op.
- Lyk esteties.
- Rondloperdiere kan nie die omgewing ontsier nie.
- Komplimenteer regulasie 24 (d) van die Wet op Omgewingsbe-waring, no. 73 van 1989.
- Maak maklik skoon.
- Bespaar tyd, lyk netjieser en verhoed dat reuke ontsnap.

Huishoudings
Die koste verbonde aan `n wieletjieblik is R.....per eenheid. Die munisipaliteit sal elke huishouding gratis van EEN wieletjieblik voorsien. Dit is `n eenmalige vergunning en enige toekomstige vervanging van die wieletjieblik sal teen `n koste verhaal word van die rekeninghouer. Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan en/of verlies van die blikke wat voorsien is nie.

Sake-ondernemings/Skole/Kerke/Aftree-oorde
Die munisipaliteit sal gelei word deur die gemiddelde hoeveelheid vullissakke wat per week/maand verwyder word om te bepaal hoeveel blikke aan die instansie toegewys moet word. Die blikke sal kosteloos voorsien word. Alle vervanging van die blikke wat aldus voorsien is, sal egter teen 'n koste verhaal word. Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan en/of verlies van die blikke wat voorsien is nie.
Moet asseblief nie die volgende items in die wieletjieblikke weggooi nie: Kartonne Kartonne tensy klein geskeur/gesny; Grond of tuinafval; Klipafval asook Warm as.

Tariewe
Tariewe sal volgens die goedgekeurde begroting gehef word en beloop R59,75 per maand vir weeklikse verwydering vir huishoudings. Besighede word aangeslaan na gelang van die hoeveelheid blikke en verwyderinge per week.

Swartsakke
Geen swartsakke sal voortaan deur die munisipaliteit verskaf word nie. Enige verdere navrae kontak Riaan Basson by 027 482 1505.

Inligting rakende die 2012/2016 waardasierol

Die munisipaliteit moet in terme van die bepalinge van die Munisipale Eiendomsbelasting Wet, Wet 6 van 2004, elke 4 jaar 'n algemene waardasie van alle eiendomme uitvoer. Die munisipaliteit het onlangs Cape Data Valuers aangestel om die waardasierol op te stel. Die waardasieproses sluit onder andere in dat besoeke aan eiendomme gebring moet word ten einde inligting met betrekking tot eiendomme te bekom vir waardasie doeleindes. Alle eienaars / huurders word derhalwe versoek om saam te werk ten einde toegang tot eiendomme aan die data opnemers te verleen om te verseker dat akkurate eiendomsdata opgeneem kan word vir die bepaling van die waardasies.

Alle eienaars word versoek om te verseker dat hul adresbesonderhede opdateer word ten einde te verseker dat kennisgewings in terme van die voorskrifte van die Wet hulle tydig bereik. Kennisgewings met betrekking tot waardasie aangeleenthede sal van tyd tot tyd ook in die plaaslike media asook op die munisipale webwerf www.cederbergmunicipality.co.za bekend gemaak word, en belastingbetalers word derhalwe versoek om hul daarvan te vergewis.

CEDERBERG MUNISIPALITEIT INFORMASIE

TELEFOON	**(027) 482 8000**
FAKS	(027) 482 1933
POSADRES	Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135
STRAATADRES	2A Voortrekkerstraat, Clanwilliam, 8135
WEBTUISTE	**www.cederbergmunicipality.co.za**

CEDERBERG

HOE OM TE REGISTREER VIR DIE MUNISIPALE SMS – DIENS

SMS u selfoonnommer , voorletter en van asook dorp na **076 014 6903** of kontak Pat Horne by **027 482 8053** / epos: **petronellah@cederbergraad.co.za**

Elandsbaai: Opgradering van `n huis

Clanwilliam: Versiering van die Kleuterskool te Khayalitsha

Clanwilliam: Versiering van die Kleuterskool te Khayalitsha

Elandsbaai: Opgradering van `n huis

Maak elke dag `n Mandela Dag –

Gee van u tyd en bring `n verandering in andere se lewens

Die doel van Mandela Dag is om elke individi te inspireer om vir 67 minute `n weldaad te doen aan andere. Raadslede en personeel van die Munisipaliteit het op Madiba Dag in elke dorp daarna gepoog om `n weldaad te doen om `n verandering in andere se lewens te bring.

Laat daar lig wees … en daar was lig!

Op 23 Junie 2011 was `n hoogte punt vir die Raad met die aanskakeling van die kragtoevoer in Clanwilliam vir die nuwe lae koste behuising. Uitvoerende burgemeester B Zass en O/burgemeester J White het die aanskakel gedoen. Groot vreugde was te bespeur op die inwoners se gesigte.

Hiermee wil die Raad `n vriendelik dog dringend versoek doen aan alle inwoners om nie te peuter aan die kragbokse nie, omrede dit kan lei tot `n boete en of opskorting van u diens. U word ook aangeraai dat slegs gekwalifiseerde elektisiëns enige uitbreiding aan die Netwerk moet doen. U aandag word ook daarop gevestig dat elektrisiteit baie gevaarlik is. U moet toesien dat die kinders nie by die kragbokse speel en peuter nie.

J eugdag viering te Lambertsbaai

Klippie in die skoen rakende die nuwe tariewe (heffings)

Soos u bewus is oorweeg en keer die munisipaliteit jaarliks as deel van sy begrotingsproses tariewe goed vir implementering vanaf 1 Julie synde die nuwe begrotingsjaar.

Die Julie 2011 Munisipale rekening vervat dus die tariewe vir die 2011/2012 begrotingsjaar, die gemiddelde tariefvehogings vir die onderskeie dienste sien soos volg daarna uit:

Eiendomsbelasting	8%
Water	6%
Elektrisiteit	23%
Riool	6.5%
Vullisverwydering	11%

Nota - Watertariewe volgens glyskaal 6% verhoging in die laagste interval, 15 % tot 25% verhoging geld in die hoër intervalle van die glyskaal.

Elektrisiteitstariewe in lyn met Eskom verhoging en deur die Energie Reguleerder goedgekeur (Eskom verhoging 26.7%)

Die volgende addisionele tariewe is ook van toepassing met ingang van 1 Julie 2011.

Basiese Water – R20.00 per eiendom of aansluiting per maand betaalbaar deur die eienaar, hierdie heffing sal aangewend word vir die terugbetaling van infrastruktuur lenings asook vir die opgradering en verbetering van huidige watertoevoer stelsels.

Basiese Riool – R20.00 per eiendom of aansluiting per maand betaalbaar deur die eienaar, hierdie heffing sal aangewend word vir die befondsing van toekomstige infrastruktuur asook vir die opgradering en verbetering van huidige riool aanlegte en netwerke.

Dorp Skoonmaak Heffing – R20.00 per eiendom of eenheid per maand, betaalbaar deur die eienaar, hierdie heffing sal aangewend word vir die skoonmaak van die dorpe, publieke fasiliteite, oopruimtes, parke, strate, strande in die dorpe waar van toepassing en sypaadjies asook tuinvullis verwydering. Geen verdere tariewe sal vir tuinvullis verwydering gehef word nie.

Verdere besonderhede met betrekking tot alle tariewe is by die onderskeie munisipale kantore beskikbaar.